



SKOOLREËLS - 2021

Die oortredings wat in die skool se dissiplinêre kode aangedui is, vorm deel van hierdie dokument.

- Die skoolhoof se beslissing ten opsigte van grensgevalle is finaal en leerlinge moet hulle daarby neerlê.
- Hierdie reëls geld ook vir die eerste skooldag na 'n vakansie.
- Leerlinge wat hierdie voorregte misbruik, sal (binne 24 uur na 'n waarskuwing) die fout moet regstel. anders sal dit by die skool reggestel word.
- Leerlinge en hulle ouers is self verantwoordelik vir enige koste wat aangegaan word om hulle voorkoms of kleredrag wat nie aan die skoolreëls voldoen nie, reg te stel.

SEUNS SE HARE, BAARD EN NAEELS

- Toelaatbaar:
 - Slegs "Iowlights" / "highlights" een skakering ligter of donkerder as die natuurlike haarkleur is.
 - Comb-over: Hare mag nie oor die wenkbroue hang of aan die ore raak nie.
 - Hare moet ALTYD natuurlik lyk en netjies gekam of geborsel wees.
- Ontoelaatbaar:
 - "Mullets"- en "Mohawk"- haarstyle, "undercuts", "Man buns", "Tie-ups", Poniesterte, perokside of "dreadlocks." - Hare wat oor die ore hang.
 - Kuif moet bo die wenkbroue wees.
 - Wangbaard ("sidies") moet netjies wees / nie laer as die oorknoppe nie.
 - Die seuns moet skoon geskeer wees.
 - Die seuns se naels moet kort en skoon wees. Geen lang pinkienaels word toegelaat nie.
 - Geen neus-, tong- oogbank- of lipringe (body pearcing).
 - Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie.

SEUNS SE SKOOLDRAG

- Volledige skooldrag, met ander woorde: wit hemp met skooldas, grys broek (kort - of langbroek) met grys kouse (nie prentjies of wit kouse), swart skoolskoene en 'n swart gordel (belt) met 'n klein gespe.
- Broeke moet bokant die heupe sit en die onderklere mag nie uitsteek nie. Skoolbroeke mag nie afgewerk en vernou word nie en moet aan die bokant van die skoene raak.
- Die boonste knoop van die hemp moet toegeknoop wees; die dasknoop moet direk teen die knoop wees.
- Slegs 'n skooldas mag gedra word. Die das mag nie kort geknoop wees nie.
- Skoolhoede en musse is 'n voorreg. Geen hoed of mus word tydens saalopening, klastye en eksamens toegelaat nie.
- Geen kentekens, behalwe erkende skooltekens / skoolbalkies, mag op die dasse of baadjies gedra word nie.
- 'n Wit t-hemp is toelaatbaar onder die wit hemp; geen gekleurde t-hemde mag onder die wit skoolhemp gedra word nie; die skoolhemp moet netjies ingestek wees.
- Grys skoollangmoutruie of oortrektruie of skoolwindbrekers of turkoois skoolbaadjies (blazer) mag op koel dae gedurende somermaande saam met die volle skooldrag gedra word.
- Geen windbreker mag onder die skoolbaadjie aangetrek word nie.
- Geen sweetpakke mag gedurende gewone skoolure gedra word nie (tensy dit vir gereëelde sport- aktiwiteite is).
- Geen juweliersware (net horlosies) of bandjies (net mediese bandjies). Alle juwele sal afgeneem word en in die kluis gebêre word tot die laaste skooldag van die jaar wanneer dit opgeëis mag word.

SEUNS SE VERSIERINGS

OORBELLE EN JUWELIERSWARE

- Geen oorbelle is toelaatbaar nie.
- Slegs 'n netjiese horlosie mag gedra word.
- Geen armbande, rekkies, 'scrunchies' of enige ander bandjies (behalwe mediese bandjies) mag gedra word nie.
- Tradisionele bandjies mag slegs gedra word indien daar skriftelik aansoek gedoen is by die skoolhoof en toestemming aan die leerder verleen is.

NAELS EN GRIMERING

- Naels mag 'n vuurhoutjiekopbreedte oorsteek, maar moet ALTYD netjies wees.
- Geen naellak is toelaatbaar nie.
- Geen "French" manikure.
- GEEN grimering – onderlaag, maskara, oogomlyner mag gedra word nie.
- Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie.
- Geen neus-, tong- oogbank- of lipringe (body pearcing).

● MEISIES SE HARE Toelaatbaar:

- "Lowlights" en "highlights" (een skakering ligter of donkerder),
- Swart, wit of bruin haarknippies (afhangend van die haarkleur) mag gebruik word.
- Graad 8 – 11: wit, swart of maroen (NIE ROOI NIE) haarrekkies, linte, plastiek haarbande, smal materiaal haarbande; gewone, klein, onversierde haarknippe ("krokodilknippe" - wit, swart of maroen) - Graad 12: haarrekkies, linte (wit of tealkleur wat by die oortrektrui / skoolbaadjie pas), teal of maroen plastiek haarbande of smal materiaal haarbande; gewone, klein, onversierde haarknippe ("krokodilknippe").

● Ontoelaatbaar:

- Hare mag nie op die hemskraag hang nie, anders moet dit vasgemaak word.
- Geen "undercuts", "top decks" (bv. blond bo / swart onder), boheemse haarstyle of peroksiede.
- Hare moet ALTYD 'n natuurlike voorkoms hê.
- Los haarslierte en lang kuif moet vasgesteek word.
- Die hare mag nie slegs met knippies vasgesteek word nie.
- Geen opgepofte ("ge-teasde") hare bo-op die kop wat dan in 'n poniestert of vlegsels vasgemaak word nie.
- Die hare moet stewig, netjies vasgemaak wees en nie in los bondels nie. Haarvlegsels moet stewig en netjies wees – geen slap vlegsels nie.
- GEEN blomme, vere, haarkammetjies, ("prinses") – kroontjies, krale of "piesangknippe".

MEISIES SE VERSIERINGS

Oorbelle :

- Goue of silwer knoppies en ooringetjies / vuurhoutjiekop grootte.
- Slegs een (1) ooring oor word in 'n oorlel toegelaat – nie bo of enige ander plek in die oor / oorskulp nie.
- Albei oorringe moet dieselfde wees.
- Ooringetjies mag nie groter as die nuwe 10c-stuk wees nie.
- Geen pèrels, diamante, effe of gekleurde sierstene.
- Geen hangende oorringe word toegelaat nie.

NAELS EN GRIMERING

- Naels mag 'n vuurhoutjiekopbreedte oorsteek, maar moet ALTYD netjies wees.
- Slegs deurskynende naellak mag gedra word.
- Geen "French" manikure.
- GEEN grimering – onderlaag, maskara, oogomlyner mag gedra word nie.
- Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie.
- Geen neus-, tong- oogbank- of lipringe (body pearcing).

MEISIES SE SKOOLDRAG

- Wit hemp met das, turkoois romp. Grys knielengte skoolkouse en swart skoolskoene gedurende die somer. (geen "balletskoentjies").
- Grys lang kouse in winter of 'n grys langbroek (meisiesnit - SLEGS WINTERTYD).

- Geen rompbande (middel) mag afgesny of omgerol word nie,
- Geen rompbane mag afgewerk word nie
- Indien 'n romp te kort is, of nie reg afgewerk is nie, moet jy op jou eie koste die romp vervang.
- Lengte van rompe – maksimum 16 cm van die vloer wanneer jy op jou knieë staan.
- Slegs 'n skooldas mag gedra word. Die das mag nie kort geknoop wees nie.
- Die boonste knoop van die hemp moet toegeknoop wees; die dasknoop moet direk teen die knoop wees.
- Geen kentekens, behalwe erkende skooltekens / -balkies mag op dasse of skoolbaadjies gedra word nie. ● 'n Wit t-hemp is toelaatbaar onder die wit hemp; geen gekleurde t-hemde of t-hemde wat kant aan die onderkant het, mag gedra word nie. Die t-hemp mag nie aan die onderkant van die skoolhemp uitsteek nie.
- Grys skoollangmoutruie of oortretruie of skoolwindbrekers of turkoois skoolbaadjies (blazer) mag op koel dae gedurende somermaande saam met die volle skooldrag gedra word.

2 ● Geen windbreker mag onder die skoolbaadjie aangetrek word nie.

- 'n Tealkleurige of swart “skipant” (lyfbroek) mag gedra word. Geen slaapbroek / “boxers” mag onder die skoolromp aangetrek word nie.
- Geen sweetpakke mag gedurende gewone skoolure gedra word nie (tensy dit vir gereëelde sport- aktiwiteite is).
- Geen juweliersware (net horlosies) of bandjies (net mediese bandjies). Alle juwele sal afgeneem word en in die kluis gebêre word tot die laaste skooldag van die jaar wanneer dit opgeëis mag word.

KANTOORBLOK / PERSONEELKAMER

- Geen leerling mag op enige tydstip deur die portaal beweeg nie.
- Die UK mag slegs in die portaal en kantoorblok wees tydens die uitvoer van hulle pligte.
- Geen leerlinge, matrikulante of UK-lede mag deur die veiligheidshek in die gang van die kantoorblok beweeg sonder om die sekretaresse se toestemming vooraf te vra nie.
- Geen leerder word in die personeelkamer toegelaat nie tensy vooraf gereël is.
- Fisies kontak tussen leerders soos soenery, hand-aan-hand-lopery, omhelsings tydens skoolure en in skoolklere naskool word streng verbied.

GEWONE KLEREDAG / CIVVIEDAG

- Alle skoolreëls geld wanneer die leerders by geleentheid toegelaat word om gewone klere skool toe aan te trek (hare, grimering, ens.). Ons vereis dat die leerders smaakvol sal aantrek. Alle “civvie” drag sluit in 'n lang denimbroek en gekose bostuk.

SKOOLURE

- Die eerste klok lui 07:25 waarna leerlinge in die saal inbeweeg. Die tweede klok lui om 07:30 dan moet die leerlinge reeds in die saal / vierkant wees. Na 07:30 word die hekke gesluit en word debiete deur die UK uitgeskryf vir elke leerder wat laat is.

SELFONE

- Selfone kan op eie risiko skool toe gebring word; die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir enige diefstal nie.
- Geen selfoon mag aan wees gedurende die klastyd nie. Indien 'n leerling se selfoon tydens klastyd lui of daarmee gespeel word, sal dit vir 'n week geneem word en in die kluis gehou word met die simkaart in die selfoon. Indien 'n selfoon die tweede keer gevat word, word dit vir twee (2) weke gehou.

OORFONE / RADIO,S, IPODS

- Mikrofone / oorfone vanaf selfone, radio's, Ipods, MP3's ens. is verbode tydens klastyd.
- Geen radio's, Ipods, MP3's ens. word op die terrain toegelaat nie. Dit sal op dieselfde wyse as selfone hanteer word.

REËLINGS TEN OPSIGTE VAN AFWESIGHEDE

- Aangesien die skool nie oor 'n siekeboek beskik nie, versoek ons die ouers om die kind by die huis te hou indien hy/sy ernstig siek is. Skakel die skool voor 10:00 en handig 'n mediese sertifikaat / siekbriëf in wanneer die leerling terugkom.
- Geen leerling word toegelaat om sy ouers te skakel vir siekte nie, ook nie per selfoon nie.

- Indien 'n leerling by die skool siek word, sal die ouers / voogde geskakel word om die leerling te kom haal.
- 'n Leerling sal slegs toegelaat word om huis toe te gaan indien een van die ouers / voogde hulle kom haal (geen vriende / kennisse).
 - Doktersafsprake en persoonlike afsprake gedurende skooltyd moet tot die minimum beperk word.
 - Indien 'n leerling siek is tydens eksamens / toetse / take MOET 'n mediese sertifikaat onmiddellik ingehandig word. Dit mag nie eers ingehandig word wanneer rapporte reeds voltooi is nie.

MOTORS

- Slegs leerders wat in besit is van 'n geldige bestuurslisensie sal toegelaat word om sy/haar motor op die skoolterrein te parkeer. Die motoreienaar/bestuurder moet in besit wees van 'n skyf van die skool wat aandui dat hy/sy die nodige toestemming van die skoolhoof verkry het. Verbreking van die reël sal veroorsaak dat die voorreg om op die terrein te parkeer, verbeur word.

3

TELEFOONOPROEPE

- GEEN private oproepe sal in die kantore toegelaat word nie.

ID-KAARTE

- Leerders word voorsien van 'n amptelike ID-kaart. Die kaart moet elke dag sigbaar aan die bolyf gedra word. Indien die kaart verlore raak of breek, moet R 20 by die finansiële kantoor betaal word om 'n nuwe kaart te verkry.

SLUITKASTE

- Die sluitkaste word uitverhuur teen R 150 per jaar. Reëlins moet met mev. Greyling getref word.

DH Kleynhans
Skoolhoof

